PERSVERKLARING

FARMSECURE™
SUSTAINABILITY AND PROFITABILITY IN AGRICULTURE

Terason, Technichem Gewasbeskerming en Farmsecure transaksie voltooi

Kaapstad (14 Februarie 2012): Die Mededingingskommissie van Suid Afrika het die verkryging van 'n meerderheidsbelang in gewasbeskerming en gespesialiseerde plantvoedingsverspreiders Terason Beleggings en Technichem Gewasbeskerming deur Intelichem, 'n nuwe filiaal in die Farmsecure Groep, onvoorwaardelik goedgekeur. Die transaksies is daarna voltooi op 10 Februarie 2012.

Alle aandeelhouers in beide Terason en Technichem behou beduidende aandeelhouding in hierdie lank-gevestigde besighede. Vir beide Terason en Technichem word die name van die besighede, mense, bates en sisteme onveranderd behou en sal die besighede dus aanhou sake doen met sy kliënte soos in die verlede. Johan Hanekom as Besturende Direkteur van Terason, en Boet Wienand as Besturende Direkteur van Technichem, met hulle onderskeie spanne bly aan stuur van sake. Rudolph Geldenhuys, voorheen Hoof Uitvoerende Beampte van Terason, is aangestel as Hoof Uitvoerende Beampte van Intelichem, die nuwe houermaatskappy.

Farmsecure Groep is betrokke in die volle landbouwaardeketting van insette, primêre boerdery en landbou-uitsette. Die Groep het reeds verskeie insetbesighede in sy stal. "Gewasbeskerming is dus 'n baie logiese stap vir ons" het Schalk Lubbe, Hoof Uitvoerende Beampte van Farmsecure Technologies, gesê. "Ons is verheug en geëerd om betrokke te raak by sulke kwaliteit besighede en ervare spanne soos Terason en Technichem".

Landbou-insette is 'n noodsaaklike deel van boerdery en die vermoë om insette aan te koop, te bekom en te bestuur op die regte tyd en teen die regte prys, en om dit te gebruik om plaasinkomste te verhoog, dra grootliks by tot die optimalisering van 'n plaas se produktiwiteit en winsgewendheid. Terason en Technichem sal dus 'n waardevolle rol speel in die Groep se inset aanbieding aan boere, en derhalwe sy besigheidsfokus op die skepping van winsgewendheid op plaasvlak.

Die nuwe entiteit sal 'n nasionale verspreiding hê op plaasvlak en sal pakkette van gewasspesifieke oplossings, insluitende handelsmerk en generiese gewasbeskerming chemikalieë, asook wêreldklas gespesialiseerde plantvoedingsprogramme aanbied. Hierdie pakkette word ondersteun deur intensiewe wetenskaplike en tegniese kundigheid om aan boere die beste en mees geskikte oplossings te bied.

Rudolph Geldenhuys, Hoof Uitvoerende Beampte van Intelichem, het gesê dat Terason en Technichem op hulle beurt sal baat by sinergieë met die res van die Farmsecure Groep. Dit sluit in samewerking met die groot multidissiplinêre span landbouwetenskaplikes en toegang tot die Groep se kundigheid in gestruktureerde finansiering, logistiek, verhandeling en risikobestuur. "Die groeigeleenthede wat geskep word deur die sinergieë van die nuwe onderneming, sowel as sy funksie binne die Groep se aktiwiteite, plaas ons in 'n ideale posisie om volhoubaarheid en winsgewendheid in landbou te bevorder"

Vir meer inligting, kontak:

Schalk Lubbe
Hoof Uitvoerende Beampte, Farmsecure Technologies
Telefoon: +27 21 974 1950
Selfoon: +27 82 387 8766

Rudolph Geldenhuys
Hoof Uitvoerende Beampte, Intelichem
Telefoon: +27 21 974 1093
Selfoon: +27 82 490 0509

E-pos: info@farmsecure.co.za
Webwerf: www.farmsecure.co.za